

### **Sing vooraf staande: Psalm 89:2, 3 (p. 444)**

- 2 Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek, / met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.  
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie, / niks die vervulling van my eed aan hom weerhou nie:  
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig, / jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.
- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.  
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.  
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

### **Psalm 111:1, 2 (p. 553)**

- 1 'k Sal met my ganse hart die HEER / met die opregtes loof en eer – / die Gode dankb're duisendtalle.  
Sy werk is groot die wêreld deur, / dit word deur almal nagespeur / wat daarin soek 'n welgevalle.
- 2 Sy dade<sup>o</sup> is enkel majesteit, / aanbiddelike heerlikheid, / en sy geregtigheid onendig.  
Sy wonders staan in rots gegrif, / en sy genade<sup>o</sup> in ewige skrif / vir al wie arm is en ellendig.

**Gebed**

### **Psalm 105:5, 6 (p. 515)**

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;  
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.  
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.
- 6 Die HEER wat nooit sy waarheid krenk nie, / sal Hy dan nie die eed gedenk nie  
aan Isak, in sy trou gesweer? / Hy het dit ook vir Jakob weer  
as wet gegee, as bondsbestel / in ewigheid aan Israel.

**Skriflesing:** Handeling 16:1-15; Romeine 4:1-12; Heidelbergse Kategismus, Sondag 25

**Kernvers:** Handeling 16:14; Romeine 4:11

**En 'n vrou met die naam van Lídia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatíre, 'n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is.**

(Handeling 16:14 AFR53)

**En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word.**

(Romeine 4:11 AFR53)

### **Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 65: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof vandaan?**

*Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte (a) deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die heilige sakramente (b).*

*(a) Efes 2:8; 6:23; Joh 3:5; Fil 1:29. (b) Matt 28:19; 1 Pet 1:22-23.*

**Vraag 66: Wat is sakramente?**

*Antwoord: Dit is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God ons vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk (a).*

*(a) Gen 17:11; Rom 4:11; Deut 30:6; Lev 6:25; Heb 9:7-9, 24; Eseg 20:12; Jes 6:6, 7; 54:9.*

**Vraag 67: Is die Woord en die sakramente albei daarvoor bestem om geloof op die offer van Christus aan die kruis as die enigste grond van saligheid te wys?**

*Antwoord: Ja, seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons gebring is (a).*

*(a) Rom 6:3; Gal 3:27.*

**Vraag 68: Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?**

*Antwoord: Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.*

**Tema:** God gee aan ons geloof en sy skilderye om ons geloof te versterk

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer ons by Sondag 25 kom, begin ons met die hoofstuk in ons Kategismus wat oor die sakramente handel. Met Sondag 24 het ons die hoofstuk oor die inhoud van ons geloof afgesluit. Maar hierdie twee hoofstukke is nie waterdig van mekaar geskei nie. In Sondag 23 bely ons dat 'n mens slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus voor God geregverdig word en die ewige lewe verkry. Die heel eerste sin in Sondag 25 sluit aan by Sondag 23. Ons glo en bely dat ons slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus geregverdig word. Waar kom ons dan aan hierdie geloof? Kan ons die geloof van ons ouers of ons oupas en oumas erf? Hulle was tog sulke "groot Christene". Of koop ek hierdie geloof met my kerklike bydrae en liefdegawe wat ek in die geldsakkie vir die diaken gooi? Of gee God die saadjie van die geloof en ek moet self toesien dat my geloof sterk genoeg groei sodat God my regverdig kan verklaar?

Nee, liewe gemeente, vir ons geloof in Jesus Christus kan ons nie werk nie. Nog minder kan ons dit koop of erf. Maar op grond van die verbond waarin kinders van gelowige ouers gebore word, bestaan daar 'n band tussen God en die kinders van gelowige ouers. Nou moet ons onthou: Verbond impliseer nie geloof nie – daarmee bedoel ons dat 'n mens nie outomaties 'n kind van God is omdat hy in die verbond is nie. Iemand wat so redeneer, redeneer soos die Jode van ouds. Hulle het van dié veronderstelling uitgegaan: Omdat hulle die nageslag van Abraham is en deel het aan die verbond is hulle saak met God outomaties reg. Die verbond impliseer nie geloof nie, maar deur die verbond roep God die mens tot geloof.

Ons kom dus agter dat geloof die spil is waarom alles draai. Geloof bind ons in Christus in sodat ons deur Hom die regverdiging voor God mag geniet en die ewige lewe saam met God. Maar waar kom geloof vandaan as ons dit nie kan erf of koop of daarvoor werk nie? Geloof is 'n geskenk wat God deur sy Gees aan die mens gee.

Maar nou werk die Gees ook nie sonder middels en instrumente nie. Ons hoor dit hier uit God se geskiedenis met sy kerk in Europa. Nadat Paulus in die nag in 'n gesig 'n Masedoniese man gesien het wat hom om hulp smeek, het Paulus-hulle vir die eerste keer in Europa aangekom. En die eerste stad waarheen God hom lei is na Filippi, 'n Romeinse kolonie.

Die eerste klompie dae het Paulus-hulle gesoek na 'n sinagoge. Hy wou immers, soos by al die ander stede waar hy al die evangelie verkondig het, ook hier by die Jode in die sinagoge begin. Maar ... daar was nie 'n sinagoge nie. Tog was daar 'n aantal vroue wat aanhangers van die Joodse geloof was. Daarom wag hy ook tot die sabbatdag en volg die vroue na die Joodse bidplek langs die rivier buite die stad.

By die bidplek aangekom, het Paulus-hulle by die vroue gaan sit en met hulle begin gesels. Terwyl hulle so oor geloofsake gesels, het Paulus aan hulle die evangelie van Jesus Christus verkondig. Dan trek die Here ons aandag na een vrou toe, naamlik na Lidia toe. En terwyl Paulus Jesus Christus aan hulle verkondig, het die Here self algaande Lidia se hart oopgemaak sodat die woorde wat Paulus gepreek het in haar hart kon ingaan. Deur middel van die evangelie van Jesus Christus het die Heilige Gees die geloof in Lidia se hart laat ontkiem. En God het Paulus as sy instrument gebruik om die middel van die Heilige Gees, die Woord van God, te preek.

Sien u, geliefdes, die Heilige Gees bewerkstellig die geloof deur middel van die Woord in die mens se hart. Die Here self het die geloof in Lidia ingeplant en hoe langer sy na die Woord geluister het, het die Here ook die geloof in haar laat groei. Hy het die geloof so in haar laat groei dat sy ná die preek haarself deur die krag van die Gees heeltemal aan God oorgegee het en gedoop is.

Wat ons hier in die Woord van God gelees en gehoor het, is presies wat ons in die eerste deel van antwoord 65 ook bely: **Die Heilige Gees werk die geloof in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie.** Wat ons bely, sluit ook mooi aan by die tema van ons Kategismus, naamlik troos. God gee aan ons die geloof as 'n blywende gawe. Hy sal dit nie van ons af wegvat nie. En in oomblikke van nood en gevaar sal ons dit nie verloor nie. Ons geloof is nie afhanklik van ons liggaamlike of geestelike kragte nie maar van God, en die Heilige Gees hou ons geloof in stand. Dit is so 'n groot troos vir ons. Die Gees rig ons gedagtes op die beloftes van God deur middel van die Woord en Hy versterk ons geloof elke keer as ons die Woord van God hoor en lees. Die Gees het Lidia se geloof ook sterker gemaak hoe langer sy na die Woord van God geluister het. Haar geloof het so sterk geword dat sy haarself aan God oorgegee het en gedoop is.

Geliefdes, hierdie eerste vraag in Sondag 25 is ook 'n lewensbelangrike vraag. Daar is net een manier waarop ons geregverdig word en die ewige lewe kan kry. Hierdie manier is deur geloof in Jesus Christus. En nou het ons ook gehoor dat hierdie geloof van God die Heilige Gees af kom. Maar hoe gaan ek nou verseker weet dat ek glo? Geloof kan ek mos nie sien nie, want die Gees werk dit inwendig en onsigbaar in my hart. Iemand kan dan sê, jy het mos die Woord van God deur middel waarvan die Gees die geloof in jou hart werk. Ja, dit is waar, ek het die Woord van God, maar is daar nie iets waarna ek kan kyk om my nog meer seker te maak nie? Is daar nie iets wat aan my nog 'n beter begrip van God se werk in en aan my kan gee nie?

Broers, susters en kinders, dit is nie net enkele gelowiges wat iets soek om te sien sodat hulle geloof versterk kan word nie. Ons almal soek iets om te sien. Die spreekwoord sê mos: Sien is glo, en dit is goed bekend aan ons. Ons wil sien sodat ons geloof sterker kan word. Maar met hierdie spreekwoord druk ons ook iets van ons onvermoë uit. Ons sê daarmee eintlik dat ons soms so stompsinnig, dit wil sê dom, kan wees. En ons troue God weet dat ons stompsinnig en swak is. Hy weet dat ons geloof versterk moet word. En om net een sintuig, naamlik ons te ore, te gebruik is nie altyd genoeg nie. Ons is swakke sondaars wat wel voortdurend die Woord hoor waardeur die Gees ons geloof versterk en laat groei. Maar hoe meer sintuie betrek word, hoe beter begrip kry ons van die onsigbare

en inwendige werk van die Heilige Gees. God verwyt ons nie oor ons domheid en swakheid nie. Hy hou juis rekening daarmee en wil nie hê dat ons as gevolg van ons swakheid begin twyfel nie.

Daarom glo ons en bely ons dat Hy ook die sakramente ingestel het. Met hierdie sakramente versterk die Heilige Gees ons geloof. Die woord *sakrament* kom nêrens in die Bybel voor nie, maar dit is 'n woord wat uit die Latynse vertaling van die Bybel bekend geword het. Die Griekse woord wat ons vertaal met *geheimenis*, het die vroeë kerk in Latyn vertaal met *sakrament*. Eintlik 'n baie gepaste woord, want met die sakramente druk God die beloftes wat die Gees inwendig en onsigbaar in ons werk sigbaar uit soos op 'n skildery. Dit wil sê, die sakramente is die skilderye waarmee God ons geloof versterk.

Maar kom ons luister hoe die Here dit vir ons in Romeine 4 sê. Paulus se doel met die argument in hierdie gedeelte is om aan te dui wat die doel van die besnydenis was. Abraham is nie geregverdig omdat hy die een of ander goeie daad gedoen het nie. Nee, die Heilige Gees het ook in hom die geloof geplant en laat groei toe God met hom gepraat het. Net soos wat dit by Lidia gebeur het. Die geloof het deur die aanhoor van die Woord van God tot stand gekom. En deur middel van die geloof, of by wyse van die geloof, het God hom regverdig verklaar. Deur in God te glo het Abraham die regverdiging aanvaar en sy eie gemaak.

God het Abraham geregverdig voordat hy besny was. Dit is eers nadat Ismael gebore was dat God die besnydenis ingestel het. Luister hoe sê die Gees dit:

**En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie.** (Romeine 4:11 AFR53)

Dit was 'n sakrament wat God ingestel het vir die Ou-Testamentiese tyd. Die besnydenis was 'n teken wat Abraham met sy eie oë kon sien en waardeur hy geweet het dat God regtig 'n verbond met hom en sy nageslag gesluit het. Maar dit is ook 'n seël waarmee die Heilige Gees die belofte van God in sy hart verseël het. So het God vir Abraham verseker dat Hy regtig sy God is en Abraham regtig sy kind is.

Geliefdes, wanneer ons nou terugkom na ons Kategismus toe sien ons dit is presies wat ons bely oor die sakramente. Sakramente ***is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het, sodat ons die belofte van die evangelie nog beter kan verstaan en om dit te beseël.***

Die sakramente as tekens is sigbare dinge waarmee God, ons Onderwyser, onsigbare sake aan ons verduidelik. By die doop is die teken die water en by die nagmaal is dit die brood en wyn. Met die water verduidelik God die volgende aan ons: Soos wat water die vuilheid van ons liggaam afwas, net so was die bloed van Christus my sondes af. En met die brood en wyn verduidelik die Here die volgende aan ons: Brood en wyn is gewone kos. Soos wat 'n mens brood en wyn eet en drink om aan die lewe te bly, net so voed die Heilige Gees ons met die liggaam en bloed van Christus vir die ewige lewe. Die brood is mos die teken van Christus se liggaam wat gebreek is en die wyn is die teken van sy bloed wat vir ons vergiet is.

Sien, u geliefdes, die Here gee self die skilderye aan ons sodat ons kan sien en die belofte van die evangelie nog beter verstaan. Maar die sakramente is ook seëls. In tye lank gelede het die konings hulle briewe met 'n seël verseël. Die papier waarop die brief geskryf is, is toegevou. En waar die rand van die papier by die res van die papier kom, het hy gesmelte was gedrup. Met sy seëlring het hy sy seël in die warm was afgedruk. Hierdie

seël op die brief het aan die leser die versekering gegee dat die inhoud van die brief waar en eg is. Die seël waarborg dat die brief werklik van die koning afkomstig is.

So is die sakramente ook seëls waarmee die Gees die belofte van die evangelie aan ons hart verseël. Ons hoor die belofte in die evangelie dat ons sonde vergewe is en dat ons die ewige lewe het, want God het ons regverdig verklaar omdat Christus in ons plek aan die kruis gesterf het. Nou wys die Here ons dit sigbaar in die sakramente. Met die doop verseker die Gees ons: Net so seker as wat water ons uitwendig skoon was, so seker was die bloed van Christus ons inwendig skoon. Met die nagmaal verseker die Gees ons: Net so seker as wat die brood gebreek en die wyn uitgegiet word, so seker is Christus se liggaam gebreek en sy bloed vergiet tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

Liewe gemeente, God hou rekening met ons stompsinnigheid en swakheid. In sy goedheid en genade gee Hy aan ons die sakramente sodat ons kan sien, voel en proe wat die Gees inwendig en onsigbaar binne-in ons doen. Die sakramente sê nie iets anders as wat ons in die Woord van God hoor nie. Die Here bewys met die sakramente sigbaar aan ons wat Hy hoorbaar aan ons belof in die evangelie sodat ons geloof in Hom sterker kan word. So bely ons dit ook in antwoord 67.

Op grond van wat ons in antwoord 67 bely, moet ons nog op hierdie waarskuwing let. Ons moet nie die tekens van die doop en nagmaal verafgod nie. Dit is wat die Jode met die teken van die besnydenis gedoen het. Hulle het van dié standpunt af uitgegaan: As ek besny is, is ek beslis 'n kind van Abraham en daarom ook geregverdig voor God. En eers wanneer 'n mens besny is, sal jy regtig verlos wees. Daarmee het hulle die teken as voorwaarde van die verlossing gemaak. En dit is juis waarteen Paulus in Romeine 4 waarsku. Die sakramente maak ons nie salig nie. Alleen Christus se enige offer vir ons aan die kruis maak ons salig. Wanneer ons die doop en nagmaal die voorwaarde maak om verlos te word wil ons weer ons verlossing met ons dade verdien.

Nee, die sakramente is die seëls wat bewys dat God ons klaar regverdig verklaar het deurdat Hy die geloof aan ons gegee het. Dit is die geloof wat die Gees in ons werk waardeer ons weet en vertrou dat Jesus Christus ook vir ons aan die kruis gesterf het.

Geliefdes, ook by Lidia was die doop teken en seël gewees. Die doop het nie die geloof in haar tot stand gebring nie. Eers nadat sy die Woord gehoor het en die Gees deur middel van die Woord aan haar die geloof gegee het om dit te glo, is sy gedoop. En met die doop bevestig God sy belofte sigbaar wat sy in die evangelie gehoor het en wat die Heilige Gees onsigbaar binne-in haar gedoen het.

Daarom kan die sakramente nie sonder die Woord voortbestaan en gebruik word nie. As 'n koning in die ou tyd sy seël op 'n leë stuk papier gedruk het, is daardie seël net so waardeloos soos die stuk papier. Daarom gaan die Woord van God die sakramente vooraf, want in die Woord van God verduidelik God self wat Hy met die sakramente bedoel soos hier in Romeine 4.

Geliefdes, die Heilige Gees werk deur middel van die Woord van God die geloof in ons harte. By wyse van hierdie geloof verklaar God ons in Christus regverdig, want ons weet en vertrou dat Jesus Christus ook in ons plek aan die kruis gesterf het. Mag die Heilige Gees hierdie belofte van die evangelie elke keer wanneer ons die sakramente gebruik aan ons harte verseël en ons die belofte nog beter laat verstaan. Ja, mag Hy ons geloof versterk met die gebruik van die sakramente.

**Amen!**

## Slotgebed

### Psalm 23:1. 3 (p.107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,  
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:  
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
  
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,  
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;  
dit kroon my lewe met u welbehae; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
20 Julie 2014